

29 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 1:9-11  
Fokusgedeelte: Handeling 1:9-11; HK So. 18

### Jesus het voor die oë van sy dissipels opgevaar!

**N**atuurwetenskaplikes beweer dat die hemelvaart onmoontlik is. Sterrekundiges vertel van sonnestelsels wat etlike duisende ligjare ver is. Die aarde draai, wat nou “opvaar” is, is 12 uur later “neerdaal”. Hierdie is almal leë redenasies wat belaglik, kleingeestig, kortsigtig en ongelowig is!

Daar is baie dinge geopenbaar wat vir ons sondebeneuwelde verstandjies onbegryplik, onverstaanbaar en onverklaarbaar is: skepping, sondeval, die duiwels, God se raadsplan, uitverkiesing, verbond, Jesus se ontvangenis en sy wederkoms. Dit gaan immers oor geloof – daardie volstreekte sekerheid en vertrouwe wat die Heilige Gees in ons harte werk ten opsigte van die onsienlike, bonatuurlike, wonderlike en heerlike dinge van ons God! Ons glo dat ons Here Jesus liggaamlik en sigbaar na die hemel opgevaar het.

Die Bybel het drie betekenis vir die woord *hemel*: die “wolkehemel”, die “sterrehemel” en die “woonplek van God”. Laasgenoemde is die allerheerlikste plek van God se teenwoordigheid, die plek waar sy troon is met sy miljoene engele, die plek waar die siele is van almal wat salig gesterf het. Dáár pleit Hy namens ons voor die Vader.

*Sing: Psalm 68:15, 16*

*Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)*